

# terugbliek

**14 DESEMBER**

- 10 v.m.—11 n.m. ... LAERTREK
- 3 n.m. ... Openingwoord deur Voorsitter, Mr. C. J. Ross
- 3:45—4:45 n.m. ... Voorbereidingsdiens
- 5 n.m. ... Braalpleis onder toesig van Mr. Fritz Weilbach
- 7:30 n.m. ... Opvoering: „Sy Les”, deur Sita Boekvat: Mr. J. Botha

**15 DESEMBER**

- 7 v.m. ... Vroeë Biduur
- 10 v.m. ... Onthulling van die Monument deur Oom Petrus Viljoen
- 10:30 v.m. ... Toespraak: Oom Gert Olivier
- 2—3 n.m. ... Toespraak: Mr. L. J. van Zyl
- 3:30—4:30 n.m. ... Besprekingspunt: Met die naam „Dingaansdag” verander word? Inleier: Mr. R. F. Crowther
- 5:30 n.m. ... Opvoering: „Moederloos”, deur Elsa Fouche en Toneelgeselskap
- 11 n.m. ... Boekvat

**16 DESEMBER**

- 4 v.m. ... Geweerskote en Gesange by die Monument
- 7 v.m. ... Vroeë Biduur
- 10 v.m. ... Hooddien
- 2—3:15 n.m. ... Kranslegging
- Toespraak: Dr. J. M. van Aswegen
- 3:30—4:30 n.m. ... Geschiedenis-toespraak: Mr. L. J. van Zyl
- Dankwoord (Vise-Voorsitter)
- Kiesing Feeskommissie
- Sluitingsrede

*Hierdie Program sal opgeluister word deur Sang en Musiek*

UITVOERENDE KOMITEE:  
Mr. C. J. Ross, Voorsitter  
Mr. J. A. Botha, Vice-Voorsitter  
Mr. E. J. Preiss, Sekretaris  
Mr. R. F. Crowther, Vice-Sekretaris

Op foto bo en links die Eeufees program van 1938.

**Die Herald se fabriek sluit die 13de Desember 2019.  
Fabriek open DV 8 Januarie 2020.  
Die winkel sluit die 19de Desember 2019 en open die 6de Januarie 2020.**



## Heilbron Clinic supports world AIDS day

### • Heilbron Clinic

AIDS is a disease that affects millions of South Africans. It is caused by a virus called HIV that slowly weakens a person's ability to fight off other diseases. If you are infected with HIV you can still lead a normal healthy life for many years by:

- taking care of your health,
- being positive about life,
- getting support from those around you,
- practicing safer sex.

### Taking care of your health includes:

- eating properly,
- getting exercise,
- getting enough rest.

### Eating healthily can help your body fight diseases. This includes:

- eating a lot of fresh fruits and vegetables,
- eating whole grains such as samp and brown bread,
- avoiding junk foods,
- drinking lots of water,
- avoiding alcohol, smoking and drugs,
- keeping your cooking and eating area clean.

Support can come from family, friends, support groups and trained counsellors. Find out more about services that offer HIV/AIDS support in your area by contacting the AIDS helpline or through your nearest AIDS Training Information and Counselling Centre.

### A positive attitude towards life can be developed by:

- setting goals in life,
- believing in yourself,
- looking at the positive side of things,
- knowing your strengths and weaknesses.

If you are HIV positive it is very important

to prevent passing the infection on to others. Find out more about safer sex, and use a condom every time you have sex. HIV/AIDS is a serious disease that affects millions of South Africans. People who are infected with HIV need care and support from their friends, families and the community, especially when they are ill. Friends and family members sometimes worry that they might be infected when caring for a person with HIV. HIV cannot be passed on by touching, hugging, coughing or sharing eating utensils. HIV can only be passed on:

- by having unprotected sex with an infected person,
- through contact with infected blood,
- from an infected mother to her unborn or newborn baby (but only some babies born to infected mothers become infected with HIV).

There may be situations where you need to clean up body fluids or blood from someone infected with HIV. It is important to use rubber or plastic gloves or other barriers such as plastic bags or thick cloth to prevent direct contact. Make sure that you have these easily available at all times. It is possible for people who are infected with HIV to live long healthy lives.

### You can help those who are infected by:

- showing love, respect and support,
- knowing the facts about HIV/AIDS and talking openly about the disease,
- helping to reduce stress and stressful situations,
- helping to provide balanced and nutritious meals,
- encouraging them to get treatment if they are sick. Most infections are easily treated and cured, even if a person is HIV positive.

## Brieve aan: Redakteur

*Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die redakteur.*

Die vroeë Amerikaanse inboorlinge het 'n unieke praktyk gehad met die opleiding van hulle jong vegters. In die nag van die seun se dertiende verjaarsdag, nadat hy geleer het om te jag, spoor te sny en vis te vang, moes hy 'n laaste toets slaag. Hy is 'n digte woud binnegelei waar hy die hele nag alleen moes deurbring. Tot op daardie oomblik van sy lewe was hy nog nooit weg uit die veiligheid van sy ouers, sy familie, of sy stam se beskerming nie, maar daardie nag is hy geblinddoek en 'n paar kilometer aan die hand weggelei. Net om só as 'n "blinde" gelei te word, moes al klaar 'n vreemde en onseker ervaring gewees het. "Waarheen neem hulle my?" het die vraag seker in menige jong seuns se gemoed gewoed terwyl die angstige handpalsms klam gemaak het. Wanneer die oomblik reg was, kon hy die blinddoek afhaal. Hy was in die middel van 'n digte, vreemde woud. Om hom was net die donkerte. Omdat hy maar net 'n 13-jarige seun was, het vrees vir die onbekende hom beetgepak. Elke takkie wat gekraak het en die vreemde nagtelijke stemme wat hom laat dink dis 'n wilde dier wat hom enige oomblik sou aanval. Na wat vir die seun soos 'n ewigheid geveld het, het die dag begin breek en die eerste strale van die son het deur die blaremassa gedring. Die seun het blommetjies, bome en 'n oopgetrapte voetpaadjie gesien. Uit die hoek van sy oog het hy meteen die Indianse Krygsman sien staan slegs 'n paar meter van hom af. In volle krygsdag, ten volle gewapen met pyl en boog en spies. Die seun se hart het in sy keel gebokspring van opgewondenheid - dit was sy eie pa! Sy pa was die hele nag daar. Hy het sy seun dopgehou en opgepas, net só is die Here teenoor sy kinders. Hy is die alomteenwoordige Here, wat getrou bly. *Bron uit die boekie "Jy is spesiaal". Ingestuur deur Heléne Howell.*

### God gee vir jou krag

Op 'n dag loop 'n seun en sy pa rustig in die veld toe hulle op 'n baie groot klip afkom. Die seun het na die klip gekyk en vir sy pa gevra: "Dink pappa dat as ek al my krag gebruik, ek dié klip kan skuif? Sy pa het hom met groot sekerheid in sy stem geantwoord: "As jy al jou krag gebruik, is ek seker dat jy dit sal kan doen my seun". Die seun het die groot klip begin stoot. Sy gesig het later bloedrooi geword van al die energie wat hy daarin gesit het om die klip te beweeg. Hy het gestoot en gestoot maar die klip wou nie eers een sentimeter beweeg nie. Moedeloos het hy na sy pa toe gedraai en teleurgesteld gesê: "Pappa was verkeerd, ek kan dit beslis nie doen nie." Die pa het sy arm saggies om sy seun se skouer gesit en vir hom gesê: "Nee seun, jy het nog nie al jou krag gebruik nie ..." Maar voor die pa sy sin kon voltooi het sy seun hom protesterend onderbreek: "Is nie! Pappa het mos self gesien dat ek al my krag gebruik het om die klip te skuif!" Sy pa het met 'n glimlag na sy seun gekyk en saggies geantwoord: "My seun, jy het nog nie vir my gevra om jou te help nie." Hier kan ek net byvoeg, dat daar dikwels "klippe" van probleme op ons pad kom wat ons nie kan hanter nie, dan het ons iemand, Jesus, nodig om ons met Sy krag te help. Alleen kan ons dit nie hanter nie. Hy is altyd beskikbaar om te help met al die "klippe" op ons pad.

Efesiërs 6:10 "Soek julle krag in die Here en in Sy groot mag ..."

*Bron: "Jy is spesiaal" uit hierdie boekie ingestuur deur Heléne Howell.*

NS: Dit het my laat dink. Maak ons nie ook maar soos die seuntjie, om in ons krisistye self te probeer om self oplossings te probeer vind nie, sonder sukses. Ons probeer so hard en vergeet van die Een by ons, wie se krag en insig, onbeperk is en weet hoe om dit reg te kan hanter.

## Saambou Geloftefees

### Plek:

Saambou Geloftefeesterrein  
(Tussen Oranjeville en Deneysville)

Maandag, 16 Desember om 09:00

### Tyd:

Ds. Tommie van Vuuren

### Erediens:

Ds. Tommie van Vuuren

### Feesrede:

Ds. Tommie van Vuuren

Die geskiedenis van Geloftedag kan ons baie leer vir nou en die toekoms.

Dit is nie die eerste keer dat gelowiges al die dinge beleef wat vandag in Suid-Afrika gebeur nie. En dit sal ook nie die laaste keer wees, dat dit so sal gaan nie. Ons geskiedenis wys vir ons wat ons hemelse Vader in die verlede vir sy gelowige kinders gedoen het.

Ons geskiedenis vertel vir ons hoe gelowiges met sy genade nie moedeloos geword het nie, maar koers behou het.

Kom luister gerus saam die 16de Desember 2019.

Gesellige saamkuier en ligte versnaperinge na afloop van die verrigtinge. Vir enige navrae kontak Gerrit du Plooy 082 944 9290 of 082 386 2906.

